# Afdeling Geesteswetenskappe en Kuns

## Prof. Tobias Johannes van Dyk



### BIOGRAFIESE PROFIEL

Prof. Tobie van Dyk is ’n taalkundige met ’n C2-gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS), ’n hoëronderwysbestuurder en professor in toegepaste linguistiek aan die Noordwes-Universiteit (NWU). Sedert 2023 is hy na SADiLaR gesekondeer, waar hy as hoof van hoëronderwyssektorondersteuning nasionale projekte oor taalhulpbronne en meertaligheid lei.

Hy het in 2026 ’n PhD aan die Universiteit van Antwerpen voltooi oor ’n metaraamwerk vir meertalige transformasie in die Suid-Afrikaanse hoër onderwys. Dit volg op sy PhD aan die Universiteit van die Vrystaat (2010) oor die ontwerp van akademiesegeletterdheidstoetse. Hy beskik ook oor ’n honneurs in Afrikaans, ’n MA en ’n hoëronderwysdiploma.

Prof. Van Dyk se navorsing en professionele werk fokus op akademiese geletterdheid, taaltoetsing, -beplanning en -bestuur, meertalige transformasie, digitale taalhulpbronne en die verantwoordelike gebruik van generatiewe kunsmatige intelligensie. Hy het akademiese eenhede aan die Universiteit Stellenbosch en die NWU bestuur en was van 2017 tot 2022 direkteur van die NWU se Skool vir Tale oor drie kampusse. Hy is ook direkteur van finansies en projekte van ICELDA en voormalige president van SAVTO.

Hy is outeur, mede-outeur en redakteur van talle vakpublikasies, boeke en nasionale verslae, waaronder *Toegepaste taalkunde in Afrikaans*, *Kortpad Afrikaans* en die *National Language Resources Audit*. Hy lei plaaslike en internasionale projekte, tree gereeld as kongresreferent op en het verskeie magister- en doktorale studente begelei. In 2026 het hy die Akademie se Jacques van der Elstprys ontvang vir die beste artikel wat in 2025 in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* verskyn het.

## MOTIVERING VIR NOMINASIE

Prof. Tobie van Dyk beskik oor ’n besondere kombinasie van akademiese uitnemendheid, uitvoerende bestuurservaring, nasionale sektorleierskap en ’n diepgaande verbintenis tot die bevordering van Afrikaans en meertaligheid.

Hy is ’n internasionaal erkende deskundige op die gebied van akademiese geletterdheid, taaltoetsing, taalbeplanning en -bestuur, meertalige transformasie en digitale taalhulpbronne. Sy twee doktorsgrade weerspieël die ontwikkeling van sy wetenskaplike bydrae: van die verantwoordelike ontwerp en gebruik van akademiesegeletterdheidstoetse tot ’n omvattende metaraamwerk vir meertalige transformasie in die Suid-Afrikaanse hoër onderwys. Sy jongste navorsing betrek ook institusionele gereedheid, epistemiese geregtigheid en die etiese bestuur van generatiewe kunsmatige intelligensie.

As direkteur van die NWU se Skool vir Tale oor drie kampusse was hy verantwoordelik vir 104 permanente personeellede, tien spesialisgebiede, meer as 17 000 jaarlikse studentinskrywings en omvangryke inkomste- en uitgawebegrotings. Sy verskeie rolle het hom deeglike ervaring gebied in strategiese en operasionele beplanning, personeel- en finansiële bestuur, akademiese programbestuur, gehalteversekering, prestasiebestuur en belanghebberbetrokkenheid.

Sy korporatiewebeheerervaring as voorsitter en direkteur van ICELDA, president van SAVTO en lid van die uitvoerende raad van ’n internasionale vennootskap, befonds deur die Europese Unie, bied ’n sterk grondslag vir verantwoordelike korporatiewe beheer en vir die toepassing van die beginsels van etiese leierskap, aanspreeklikheid, deursigtigheid en verantwoordelike hulpbronbestuur wat King IV onderlê.

Prof. Van Dyk se huidige werk by SADiLaR plaas hom in die hart van taalbeleidsontwikkeling en meertalige transformasie in die Suid-Afrikaanse hoëronderwyssektor. Hy het die Nasionale Taalhulpbronoudit by openbare universiteite gelei en staan tans aan die hoof van die daaropvolgende sektorondersteuningsprogram. Hierdie werk vereis dat hy wetenskaplike navorsing, nasionale beleid, institusionele gereedheid en praktiese uitvoering met mekaar verbind en met universiteite, staatsdepartemente, sektorliggame en multidissiplinêre deskundiges saamwerk.

Sy bydrae tot Afrikaans is eweneens betekenisvol. Die Akademie se toekenning van die Jacques van der Elstprys aan hom in 2026 bevestig die gehalte en relevansie van sy wetenskaplike werk in Afrikaans.

Prof. Van Dyk kan ook ’n waardevolle brug vorm tussen die geesteswetenskappe en terreine soos taaltegnologie, kunsmatige intelligensie, digitale navorsingsinfrastruktuur en onderwysinnovasie. Sy nasionale en internasionale netwerke, onafhanklike oordeel, strategiese insig en bewese vermoë om omvangryke samewerkingsprojekte te bestuur sal die Akademieraad se kundigheid betekenisvol versterk.

Met sy akademiese statuur, bestuurservaring, integriteit en verbintenis tot Afrikaans, meertaligheid en inklusiewe kennisontwikkeling sal hy ’n uitstaande bydrae tot die Akademieraad en die verwesenliking van die SA Akademie se visie en missie lewer.